TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Nuusbrief

Augustus 2019

8 September

Laat jou LIG skyn!

Gemeentes van die NHKA buite Pretoria kan inskakel by die baie spesiale aanddiens wat vanuit die NHKA se Gemeente Pretoria-Oos sal plaasvind. Gemeentes in Pretoria (NGK, GKSA en NHKA) word uitgenooi om deel te kom wees van die diens.

Tyd: 18:30
Plek: NHKA Gemeente Pretoria-Oos – Delyweg 100, Waterkloofpark
Leraar: Dr Martin J van Rensburg
Optrede: Gebaretaalkoor van Transoranje-skool vir Dowes en Lorinda Diedericks, oudleerder van Prinshofskool.

Wêreldkampioen!

Emile Burgers, oudleerder van Sonitusskool, het die wêreldrekord in spiesgooi in die afdeling F64 by die Junior Paralimpiese Spele verbeter.

Transoranje Instituut
Rekeningnr: 020 840 145
Takkode: 632 005

Aflewering van skenkings:

Duxburyweg 174 (Ingang 186)
Hillcrest Pretoria

Posbus 13383
HATFIELD 0028
T: 012362 0660
toibo@imaginet.co.za

When the world says "give up" HOPE whispers "try it one more time"

Wat het alles gebeur?

NHSV Kongres Brits

Op 17 Augustus het die susters van die NHSV Rustenburgstreek hul kongres op Brits gehou. By hierdie geleentheid het die Gebaretaalkoor van Transoranje-skool vir Dowes opgetree, en Arina Jooste het die dames meer vertel van TOIBO en haar skole.

GKSA Deputate vergader

Die deputate betrokke by TOIBO het op 15 Augustus vergader. Jaarliks word terugvoer gegee oor die werksaamhede van TOIBO en haar skole. Die betrokkenheid van die GKSA by hierdie belangrike saak geniet ook aandag.

Daar is ook met dank daarvan kennis geneem dat die GKSA die grootste bydraer is tot die fondse van TOIBO.

- Dr Pieter Heystek - Streeksinode Pretoria (Voorsittter)
- Dr Fanie van der Schyff - Beheerliggaam Transoranje-skool (Visevoorsitter)
- Ds Attie Venter - Beheerliggaam Prinshofskool
- Ds Johan Nel - Beheerliggaam Transvalia-skool
- Ds Andries Kruger - Oostelike Streeksinode
- Ds Fanie Coetzee - Streeksinode Noordwes
- Ds Arrie Stavast - Streeksinode OVS/Natal
- Ds J van Schaik - Streeksinode Randvaal
- Ds Bernard Hattingh - Streeksinode Bosveld